# Hoofstuk van die dag: Filemon

> *Miskien was hy ’n kort tydjie van jou af weg juis sodat jy hom vir altyd sou terugkry …. (Filem 15)*

Mense wonder dikwels hoekom iets vreeemds gebeur het, en hoekom God dit toegelaat het. Party mense sal sê God het sy redes, en dis nie vir ons om daaroor vrae te vra nie. Paulus het dit self by geleentheid geskryf (Rom 9:20): “Mens, wie is

jy per slot van rekening dat jy met God wil redeneer? Hoe kan die maaksel vir sy maker sê: ‘Waarom het jy my so gemaak?’” Daar het dit egter vir Paulus gegaan oor die uitverkiesing en die Goddelike Raadsplan, maar hier in Filemon praat hy oor goed wat in die alledaagse lewe met ons gebeur.
Daar ís dinge wat ons nie verstaan nie, maar waaroor ons gerus kan nadink. Paulus het nie enige Bybelgedeelte wat dít wat met Onesimus gebeur het, kon verduidelik nie. Daarom gee hy vir Filemon sy eie verstaan van wat gebeur.
Ons behoort ook oor ons eie omstandighede na te dink, veral as ’n ongewone ding gebeur. Dalk is God besig om jou iets nuuts te leer, of in ’n ander rigting te stuur. Só maak jy God en sy Woord deel van jou verstaan van jou wêreld.



© Bybelkoerant 2018 – 2026